Tema: By God, ons Herder, is die lewe ŉ fees.

Vooraf sang
Lied 203: 1, 3
Psalm 92-2: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 112-2: 1, 3
Votum
Seën
Loflied: Ps 103-2: 1, 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Psalm 23
Teks: Psalm 23: 5
Sing Lied 577: 1, 4;
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps 23-3: 3
Liefdegawes
Bevestiging van oudl Peter Hattingh
Sing Ps 128-2: 3
Seen
Sing Sb 13-3.

Ons het alreeds die volgende uit Psalm 23 geleer:
Vers 1: Ons Herder sorg vir alles, ons sal niks nodig hê nie.
Hier het die klem geval op ons dapper en sterk Herder wat in staat is om sy kudde te versorg met alles wat ons nodig het en dat ons tevrede moet wees met sy versorging.
Vers 2: Vertrou op die goeie leiding van God, jou Herder.
Ons Herder se sorg hou ook in dat Hy ons lei na waters van rus en groen weivelde. Ons kan dus verseker wees van die rus en geestelike voeding wat God voorsien. Wanneer die rus verdwyn en die skape honger word, kan ons eenvoudig vertrou op die Herder wat die pad na die volgende rusplek ken.
Vers 3: Volg jou Herder sodat jy reg kan lewe tot sy eer.
Skape dwaal maklik weg maar God, ons Herder, kom haal ons, draai ons lewe om en laat ons op die voetspore van Christus loop tot die eer van sy Naam.
Vers 4: Ek is gerus want my Herder berei my voor vir en is by my in die donker tye.
Soos „n mens jou voorberei vir beurtkrag berei die Here ons voor vir die donker tye in ons lewe met die wete dat Hy saam met ons in die donker is.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons lees in ons teksvers: “U laat my by ’n feesmaal aansit....”
Kom ons verplaas ons vir ’n oomblik in die leefwêreld van Dawid wat God hier beskryf as ’n Gasheer en ons as sy gaste. Die metafoor van Psalm 23 verander nou van die herder en sy kudde na ’n gasheer wat vir sy gaste ’n feesgeleentheid reël.

Dink jou vir ’n oomblik in dat die Here jou as sy eregas nooi na ’n fees. Jy stap met jou sandale op ’n stofpad op ’n warm namiddag op pad na die Here se fees. Gewoonlik is groot feeste in die aand gehou en so ’n fees kon soms tot 7 dae lank duur. Daar is groot opgewondenheid en afwagting onder die feesgangers. Kinders, dink net hoe opgewonde is julle om na ’n partytjie toe te gaan. Vol afwagting van al die lekker dinge!

By die ingang van die huis waar die fees gehou word, staan bediendes met skottels water. Jy gaan sit op ’n bankie, hulle trek jou sandale uit en was jou voete. Daarna was jy jou hande en gesig, droog dit af met ’n handdoek en die bediende gooi reukolie op jou hare.

Binne staan die Here en wag. Hy verwelkom jou by sy fees met ’n soen en Hy neem jou na die feestafel waar Hy vir jou ’n spesiale plek voorberei het. Die bediendes skink jou beker vol wyn en begin die kos aandra. Jy is so spesiale gas dat die Here self jou kom bedien. Dit was die gebruik van daardie tyd dat wanneer iemand ’n baie spesiale gas was, het die bediendes hom nie bedien nie, maar die gasheer self.

Jou bord word oorlaai met heerlike kos. Dit was deel van die bewys van gasvryheid dat die gaste se borde meer gelaai is met kos as wat hulle kon eet. Dit was ’n bewys van die gasheer se goedheid aan jou. Ons lees dat Saul eenkeer by Sameul kom eet het en dat die bediende ’n hele boud vleis op sy bord neergesit het.

Terwyl die gaste eet en drink en lekker saam kuier is die orkes besig om musiek te maak en gaskunstenaar wat sing en ander wat dans items lewer. So af en toe onderbreek die seremoniemeester die verrigtinge om ’n grappie te vertel of raaisels te vra wat die gaste moet probeer beantwoord.

Dis ’n heerlike gekuier, ’n feesmaal saam met die Here en met vriende en almal is vrolik, lag en gesels.

Geliefde brs. en srs., klink dit so bietjie vergesog? Klink dit asof ons dalk nou te oppervlakkig of ligsinnig met die Here en sy Woord omgaan? Nee, geliefdes, dis presies wat die Here vir ons in Psalm 23 vers 5 wil leer: Die boodskap van hierdie vers is: By God, ons Herder, is die lewe ’n fees.

Met wat die Here vir ons in vers 1 tot 4 geleer het, het ons iets van die wonderlike lewe saam met God ons Herder belewe, maar ook iets van die donker kant van die lewe. **Onthou julle nog verlede Sondag oor die donker van ons lewe, die moeilike en**

swaar tye en hoe God by ons is in die donker! Sommige gelowiges is geneig om net op die donker kante van die lewe te fokus en dit kan die indruk skep dat die lewe van gelowiges net swaarkry, moeite en pyn is. Dit is ook dikwels die prentjie wat die wêreld in hulle kop het oor die kerk. Dat die kerk net gaan oor swaarmoedige sake, oor sonde, oor die hel en oor verdoemenis.

Maar dit is allermins die waarheid. Natuurlik is daar die donker kante. Dawid sê dit selfs in vers 5 ook. Hy verwys na die vyande van die gelowiges wat toekyk hoe ons feesvier. **Daarmee erken Dawid die swaarkry van die lewe – maar te midde van die swaarkry is ons lewe by God, ons Herder, ook ’n heerlike fees!** Die Here laat ons aan die feestafel van die lewe aansit. Hy oorlaai ons met goedheid en guns. (wys skyfie 1)

Dawid gebruik twee beelde om die oorvloed van seëninge te teken. Hy gebruik eerste die beeld van die gasheer wat die gaste met olie salf! (wys skyfie 2). Letterlik staan daar: “U maak my hoof vet met olie!” Die Here gooi baie meer oor as wat nodig is.

Die tweede metafoor van oorvloed is die drinkbeker waaruit die gaste wyn gedrink het. Dawid sê dat die Here sy beker so vol gooi van wyn dat dit oorloop. (Wys skyfie 3).

Beelde van oorvloed! Brs. en srs. en kinders, die Here gee vir ons so baie! Ons het soveel rede om bly te wees en vreugde te ervaar! Ons het soveel dinge waarvoor ons dankbaar en bly kan wees. Ons Herder sorg vir soveel oorvloed dat ons lewe ook ’n fees is.

Natuurlik gaan dit nie hier in die eerste plek om aardse seëninge en materiële oorvloed nie! Dit gaan hier nie in die eerste plek oor die fees of die feestafel en al die kos en lekker dinge wat ons kan geniet nie! **Nee, dit gaan om die Gasheer. Twee keer in die vers val die klem telkens op God. “U** laat my by ’n feesmaal aansit**, U** ontvang my soos ’n eregas...”

Brs. en srs., die fees gaan om God, die Gasheer. Die fees gaan nie in die eerste plek oor wat ek by God kry nie! Dit gaan nie om die metaforiese salf, wyn en heerlike kos wat ek by God kry nie, **maar om aan God se feestafel te wees. Om by die Here te wees! Die lewe kan alleen ’n fees wees as ek by God, my Herder, is.**

Want waarmee voed Hy ons? Hy voed ons met Jesus Christus, die brood en water van die lewe! Hy gee ons in Christus toegang tot die fees, Hy gee ons die ware lewe en dit in oorvloed! **Wie Christus eet en drink – kan waarlik fees vier!** Ons het dit vanmore so mooi gehoor! Nou is ons nie meer slawe van die sonde nie, maar kinders van God wat Hy aan sy feestafel van die lewe laat sit waar Hy ons oorlaai met sy genade! Ons geniet die lewe van vergifnis van sonde, van liefde, geloof en hoop!

Hy gee ons die Heilige Gees as gawe en pand om by ons te bly tot Hy weer kom. Wanneer ons bid dat ons vervul moet word met die Gees van God – dan is daardie

woordjie “vervul” ook iets van die oorvloed van die fees: dat God ons tot oorlopens toe vol sal maak met sy Gees en al die gawes wat die Gees ons gee!

Ons Herder gee ons die vaste belofte van die ewige lewe **waar ’n nog groter fees** op ons wag! Ons lees in Open 19 dat daar ’n ongelooflike troufees op ons wag. Wanneer ons Bruidegom Jesus kom om ons, die kerk as sy bruid, te kom haal en vir ewige in feesvreugde by Hom te laat bly op die nuwe aarde!

Natuurlik is daar ook die materiële gawes wat God ons gee. Dit is ook deel van die fees van die lewe. Wie verstaan dat die fees gaan om by God te wees en Jesus Christus te eet en te drink, verstaan wat die Kategismus ons leer in S**ondag 10 naamlik dat “ek in teëspoed geduldig kan wees en in voorspoed dankbaar**”. Wat die Here my ook al gee – daarmee is ek tevrede en daarvoor is ek dankbaar. Des te meer as die Here my seën met die goeie dinge in die lewe.

Geliefdes watter reaksie bring hierdie oorvloedige versorging van ons Gasheer by ons as die gaste te weeg? Hoe moet ons gelowig hierop reageer?

1. Brs. en srs., kom ons gaan sit ’n slag weer en **maak voorraadopname van die materiële gawes wat God ons in ons lewe gee**! Geestelike en materiële gawes, kom ons maak weer ’n slag daardie lysie en dan kan ons weer opnuut besef dat ons soveel het om te geniet! Dat die lewe by God werklik ’n fees is. Dat ons soveel rede tot dankbaarheid en blydskap het! Dat ons regtig eintlik by feestafel sit en dan soms nog kla en ongelukkig is.

2. Maar kom ons leef ook hierdie dankbaarheid en blydskap uit in die manier wat ons die Here volg! Dat ons ook as blymoedige en dankbare mense bekend sal staan**. Dat ons ook die lewe kan geniet!** Dat ons elke dag as feesdag uit God se hand vat om my taak en roeping uit te leef met blydskap.

3. Kom ons verwoord ook ons dankbaarheid vir ons feeslewe in ons gebede. Ons gebede is dikwels niks meer as ’n inkopielys by God nie! Kom ons leer ook weer om in ons gebed werklik ons dankbaarheid te verwoord en God te loof en prys vir al sy geesgenade wat ons ontvang!

4. Kom ons leer ook om meer te gee! Dankbare mense is ook mense wat graag uitdeel van wat ek van God ontvang! **Eerstens** om Christus as brood en water van die lewe te gee vir mense wat Hom nog nie ken nie. **Dan ook om uit my gawes die Here te vereer met my dankoffers** wat ek vir Hom gee om dankie te sê vir al sy goeie gawes! **En dan ook om vir my naaste te gee wat in nood is!** Dankbare mense is mense wat deel! Hoekom – want hulle weet waar hulle is! Hulle besef die voorreg om aan die feestafel van die Here te sit en soveel van Hom te ontvang! Hoe kan ek dan nie uitdeel as ek soveel ontvang nie?

Geliefdes, kom ons verplaas ons nou weer terug aan daardie feestafel van die Here in ons teksvers! Sien julle God aan die kop van die tafel sit! Sien julle sy liefde en vreugde waarmee Hy ons ontvang! Sien jy die tafel wat kreun onder sy seëninge? Ruik jy die lekker reukolie in jou hare? Proe jy die lekker wyn?

Ja, net een kyk na die Gasheer is genoeg om my te laat besef: ek is geseënd! Net een kyk na die Gasheer gee my die moed as ek die vyande rondom die tafel sien staan! Net een kyk na alles wat rondom my gebeur laat my besef: By God, my Herder, is die lewe regtig ŉ fees.

Amen